# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 11**

**21 MEI 2019**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 ½ UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2 Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4 Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5 ALLE beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6 Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

7 Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou FINALE skryfstuk neer.

8 Skryf duidelik die woorde FINALE SKRYFSTUK bo-aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

9 Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | ongeveer 80 minute |
| AFDELING B: | ongeveer 40 minute |
| AFDELING C: | ongeveer 30 minute |

10 Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.

LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11 Skryf netjies en leesbaar. Gebruik slegs 'n BLOU pen.

## AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 200 – 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies, bo-aan.

1.1 **Tyd is belangrik.** **[50]**

OF

1.2 Maak die regte keuses. **[50]**

OF

1.3 **Sport is (nie) alles (nie)!** **[50]**

OF

1.4 Dagga goed / sleg vir jou. **[50]**

OF

1.5 *Daardie huis tussen die groot bome.* **[50]**

OF

1.6 Kies EEN van die onderstaande visuele tekste en skryf ’n opstel daaroor.
Gee die skryfstuk ’n gepaste titel. Jou opstel moet direk by die prent aanpas.

1.6.1



(hillegal.com.au) **[50]**

OF

1.6.2

(PNG – signs.com)

**[50]**

OF

1.6.3

(clips: load shedding)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy is in groot moeilikheid en jy wil raad vra aan jou beste maat .Jy is baie bekommerd en soek ‘n oplossing.

Skryf vir hom/haar ’n brief waarin jy om raad vra en verduidelik hoekom jy dink dat hiérdie maat jou kan help.

**[30]**

OF

2.2 **HULDEBLYK**

Jou Lewensoriëringsonderwyser was een van die mees geliefde onderwysers in die skool. Gedurende April is die onderwyser skielik oorlede. Omdat jy klasleier is, het die hoof jou gevra dat jy 'n huldeblyk lewer.

In die huldeblyk kan jy al die dinge noem wat hierdie onderwyser uitgesonder het as die mees geliefde onderwyser. Dink ook aan die grappies wat hy altyd gedeel het met die klas en waarom hy so spesiaal was. **[30]**

OF

2.3 **KOERANTBERIG**

Leerders is ongelukkig oor die veiligheid van die geboue en terrein by hulle skool. Jy is die redakteur van die skoolkoerant by die skool.Die sokkerveld se pale is geroes. Die plafon in die saal is stukkend en die trapreëling by die tweede verdieping is los.

Skryf 'n berig vir die skoolkoerant in die klagtekolom. Onthou om jou berig van 'n gepaste opskrif te voorsien. **[30]**

OF

2.4 **DIALOOG**

Jou Afrikaans-onderwyser is baie streng. Jy het nie jou voorbereide toespraak kom doen na skool nie.

Skryf die gesprek wat tussen jou en die onderwyser plaasvind in dialoogvorm neer.

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

# AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy wil jou broer in graad tien se klasmaats uitnooi na sy verjaarsdag.

Ontwerp ‘n uitnodigingskaartjie waarin jy die klasmaats uitnooi. **[20]**

OF

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy is gekies vir ‘n rol in ‘n belangrike TV produksie.

Voltooi TWEE dagboekinskrywings oor jou ervarings die dag **voor** jy gekies is vir die TV-produksie en die dag **daarna** toe jy die nuus ontvang het.

**[20]**

OF

**INSTRUKSIES**

3.3

Aan die begin van die jaar het julle ’n hele stapel boeke gekry wat oorgetrek moes word. Jy het besluit om jou suster te betaal om die boeke oor te trek. Al die boeke moet met helderkleurige papier en plastiek oorgetrek word.

Verduidelik stap vir stap aan jou sussie hoe die boeke oorgetrek moet word. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**